**23 November**

**Deur sy genade is ek vir ewig veilig en versorg by die Here**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 23:6; Romeine 8:31-39**

Uit sy ondervinding in die verlede bou die Psalmdigter sy hoop vir die toekoms. Uit die ondervinding van die versorging en beskerming deur God in die verlede bou ons ons hoop vir ons toekoms met God.

"Die Here is my Herder en Gasheer" is die ondervinding uit die verlede waarop die Psalmdigter vir die toekoms bou. Die herder- en gasheerbeeldspaak is albei treffend. In beide gaan dit oor die versorging en beskerming deur die Here en dat sy kinders by Hom veilig en geborge is.

"Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe." Die genade en die verbondstrou van die Here is wat vastigheid vir die toekoms gee. Dit beteken nie dat God se kinders net voorspoed in hierdie lewe sal ervaar nie, maar dit beteken dat niks en niemand in hierdie lewe ons van God se liefde in Christus kan skei nie (Rom 8:31-39).

"En ek sal in die huis van die HERE bly tot in lengte van dae." Hiermee druk die Psalmdigter uit dat hy as kind van die Here by Hom tuis en geborge is vir hierdie lewe en tot in ewigheid. Die Nuwe Testament werp nog meer lig op hierdie geborgenheid by God in Kolossense 3:3, Johannes 14:1-3 en Openbaring 21:3. So is ons veilig en geborge by God in lewe en in sterwe en tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 73:10, 11* *Dr. J le Roux (Emeritus)*